### *Die gesprek tussen Jarah en Josoë*

**200** Toe **Josoë** by haar aankom, steek hy sy hand uit en sê: "Wees nie kwaad vir my nie, liewe Jarah! Weet jy, ek kon tog onmoontlik geweet het dat jy as kind van nouliks vyftien jaar `n groter wysheid besit as alle wyses wat vóór ons op aarde geleef het. Maar daarby vra ek jou nou tog ook om my baie van jou verborge wysheid te onthul!"

[2] **Jarah** sê: "En jy van joune, want jy weet ook baie wat vir my nog onbekend sal wees!"

[6] **Jarah** sê: "Nou, in die Naam van my Meester dan, omdat jy dit kennelik nie anders wil nie, sal ek jou maar dadelik `n vraag stel. Sê my dan maar waarom Elohim die Meester, wat die hoogste Liefde en Wysheid is, dit veral in hierdie tyd toelaat, dat by name die sogenaamde dienaars van Elohim en die bevoorregte bringers van die woord van Elohim, juis die mees gewetenlose, die slegste, arrogantste en heerssugtigste mense is, wat sonder enige gewete, meestal heimlik, ongestraf die skandelikste dade uitvoer. Waarom het hulle geen vrees vir Elohim, Wie se mag en glansrykheid hulle tog vir alle mense tydens die pragtigste seremoniële praal met oormatige luide stem verkondig? - Kyk, dit is `n baie belangrike vraag vir ons huidige tyd!"

[12] **Ek** sê: "Sekerlik, as Jarah dit nie sou kon nie. Maar Ek glo dat sy, as sy goed sal nadink, die spyker sê maar met die eerste slag op die kop sal slaan! Probeer dit, liewe Jarah, **en toon daardeur dat Ek in Genésaret nie verniet `n tuintjie vir jou aangelê het nie!"**

### *Jarah se tuin*

**201** Toe **Jarah** dit hoor, neem sy `n egte redenaarshouding aan en sê: "Goed dan! Die tuintjie is vol van die seën van bo en ek sal graag my kinderlike vlyt, wat ek natuurlik sedert `n paar dae gelede daarop losgelaat het, hier ten bate van almal beskryf! Materiële wins het die klein tuintjie weliswaar nog weinig opgelewer - wat egter in die tyd van sy bestaan ook nie verlang sou kon word nie - maar ondanks dit, **het die tuintjie my al ’n des te groter geestelike wins besorg!**

[2] Ja, die tuintjie is vir my `n regte boek vol diepe wysheid, en ek het daaruit in `n paar dae al baie meer geleer as wat Salomo my in al sy wysheid kon geopenbaar het. So het dan ook die antwoord op my vraag wat vroeër aan Josoë gestel was, juis `n paar dae gelede in hierdie tuintjie skitterend aan die lig gekom en is nou my volle, deur die Meester Self gegewe eiendom! Want as ek die volledige antwoord nie geken het nie, sou ek regtig nooit die vraag gestel het nie, hopende op die blinde geluk dat iemand `n antwoord sou weet, waardeur ek dit dan ook sou kon verstaan!

[3] O, ek ken die absolute regte antwoord, en dit geld nie net vir nou nie, maar dit sal vir alle tye geld solank Elohim se woord êrens aanwesig is en daar op hierdie liewe moederaarde priesterkaste is wat hulle die meeste daarmee besighou! Die antwoord op die vraag wat deur my aan die liewe Josoë gegee is, as volg:

[4] Ek lê tuis verskillende edele en goeie vrugtesade in die vette aarde van my tuintjie. Enkeles daarvan ontkiem al die volgende dag, en op die tweede dag staan die lote al ongeveer vier vingers hoog bo die grond.

[5] `n Meisie, en ek sekerlik dan ook, is altyd baie nuuskierig, en sodoende dryf my onversadigbare nuuskierigheid my daartoe om tenminste by `n paar gou opgekomde ontkiemdes te kyk wat daar eintlik van die saad oorbly as daar al sulke forse lote uit die aarde te voorskyn kom. Ek grawe daarom `n paar uit en bekyk alles baie noukeurig en opmerksaam. En kyk - soos wat mens in Latyn sou sê: Sapienti pauca sufficiunt! (`n wyse verstaan gou!) - ek vind die saad verrot en die grond daaromheen vermeng met vrotskimmel! Uit hierdie graf ontspruit die tere plantjie, en van die saadkorrel was, soos reeds gesê, niks meer oor nie as net iets van die harde skil wat die saad van buite omhul het en wat moeiliker verrot.

[6] Behalwe hierdie merkwaardige verskynsel vind ek egter ook dat `n aantal nie-ontkiemde saadkorrels jammerlik genoeg heeltemal deur die vrotskimmel verteer was, en daarby was daar natuurlik niks meer te vinde waaruit `n moontlike vrugkiem kon grootword nie. Dit ontgaan my skerp oë egter nie dat, juis bo diesulkes, naamlik die algeheel verrotte saadkorrels, baie klein en tere plantjies te siene was wat uit die aarde opkom en met die goeie en edele ontkiemdes nie die geringste ooreenkoms getoon het nie. Aha, dink ek, dis wat dit is! Hierdie valse ontkiemdes is seker ook `n produk van die goeie saadkorrels wat in die vet aarde gelê is, maar die hongerige aarde het haar daarmee slegs maar versadig, en laat nie toe dat die egte goeie kiem ontkiem nie. Maar wat het sy uiteindelik daaraan? In die plek van die een edele kiem skiet dertig onedeles omhoog en onttrek so van die aarde honderd keer meer van die vette voedingstowwe as wat een goeie plantjie sou gedoen het. Want alles wat goed en edel is, is ook met weinig tevrede, soos wat hierdie ook is.

[7] Goud hoef nie soos lood altyd gepoets te word om te blink nie; eenmaal goed gepoets, bly dit honderde jare blink. `n Wynstok bring op die slegste bodem vrugte voort, maar distels en dorings soek meestal die beste grond op. Die goeie en edele huisdiere is selde vraatsugtig, terwyl `n wolf, `n hiëna en soortgelyke diere dag en nag net sou wou vreet. So is die egte edele en goeie mens matig, terwyl die slegte, donker wêreldse mens met niks tevrede is nie. As mens hom honderdduisend pond goud sou gee, sal hy daarna sekerlik na niks anders verlang as om dit so gou as moontlik te verdubbel, en dit sal hom heeltemal niks kon skeel of alle ander

mense van armoede verhonger nie! Hebsug maak steeds hebsugtiger!

[8] Kyk, die aarde van my tuintjie was dus ten dele onedel en dood en wou haarself vetmes met my edele saadkorrels wat ek daarin gelê het! Maar wat is die wrange gevolg? Wel, sy moet nou in stede van één edele, beskeie plantjie, honderd vraatsugtige, onedeles voed!

[9] En soos wat dit met die dom, dooie en selfsugtige grond gaan, so gaan dit ook met die mense op aarde wat hulle hier al `n hemel vol salige genietinge wil skep! Einde ten laaste moet hulle almal hul moeitevolle versamelde voorraad tog loslaat, en honderde ander verbras dit dan op `n dikwels baie liederlike manier. - Dit is as voorbeeld bedoel vir my komende volledige antwoord op my vraag. Prent hierdie beeld baie diep in u gemoed in, dan sal u die antwoord haas vanself vind!" - Almal dink daaroor na en bly hulle verbaas oor die groot wysheid van die meisie.

### *Toepassing van die gelykenis van Jarah*

**202** Maar die meisie wend haar intussen tot Josoë en vra hom baie vriendelik: "En - aardige, edele buurman, skyn die regte lig al in jou hart?"

[2] **Josoë** sê: "Wonderlik wyse Jarah! Dit is vir my asof ek iets waarneem soos deur `n voor die gesig gehoude doek, maar van enige duidelikheid is daar nog lank geen sprake nie. Belig die saak dus maar verder, want ek hang aan jou lippe! Hierdie onderwerp is te belangrik om ook maar één woord te mis, en daarvan skyn ook almal aan die tafel en alle omstanders diep oortuig te wees, want hulle wag met sigbare gretigheid angsvallig op die vervolg. Antwoord dus maar tot die einde toe!"

[3] Na hierdie woorde begin **Jarah** met die vervolg van haar toespraak en sê: "As u die beeld oor die natuur, wat ek as eerste geestelike oes van my tuintjie geskilder het, ietwat oordink het, dan is dit moontlik dat die een wat nou gaan volg u eenvoudig en duidelik sal oortuig. Let dus goed op en luister en kyk!

[4] Die mense van hierdie aarde is, geestelik gesien, net soos die grond van my tuintjie. En die woord van Elohim, wat eerste deur die aartsvaders, beginnende by Adam, en later deur die patriarge en deur die profete wat deur Elohim Self geroep is, vanuit die hemele na die mense gekom het, is soos die edele en goeie saadkorrels wat ek in die grond van my tuintjie druk. Soos wat geen saadkorrel egter dadelik as hy in die grond gelê word al `n nuwe veelvoudige rype vrug word nie, so is dit ook met die woord van Elohim.

[5] As die woord deur die hoor daarvan in die hart van die mens kom, **moet dit deur dade**, wat hulle as die lewegewende voedingskrag van die aardbodem - en wat, soos wat in Elohim se woord staan, **gerig moet wees op ons broers en susters - lewend word**. En daardeur moet dit ook op die regte manier begin ontkiem en `n seënryke en daardeur rype vrug word vir die egte en volgroeide vrug van die geestelike lewe in Elohim! Mense soos profete en priesters, is voorbestem om die woord eerste op te neem, om dit, sodra dit in hulle tot rypheid gekom het, weer algeheel suiwer vir alle tye van tye verder uit te saai op die groot mense-akker van hierdie aarde. Maar hulle wat dit slegs maar as `n middel gebruik om self daarvan vet te word, lyk soos die aarde wat die edele saadkorrel laat verrot om haar daarmee vet te mes. In hierdie omstandighede is dit dan nie te verwonder dat daar op die akker van sulke sigbaar valse profete en priesters vir die groot akker van die leke mense uiteindelik niks anders as slegte onkruid, dorings en distels ontkiem en tot kwade wasdom kom nie!

[6] Maar al gebeur dit ookal, dan is dit in sy algemeenheid, maar ook in die spesiale gevalle, tog nie teen die goddelike orde en teen die goddelike wysheid nie. Want kyk, as die edele vrug ryp word, word dit alles strooi en alle vrugte word versamel en in die skure ingebring; maar die onkruid bly agter op die veld en bemes sonder `n wil die aarde, sodat sy daardeur vir `n volgende saaiery krag verkry, en verlang om weldra `n nuwe edel saad in haar op te neem en tot lewe te bring.

[7] En so is dit in werklikheid ook met ons mense. Sou ons reeds van die begin af aan versadig gewees het deur die suiwere waarheid, soos wat dit kom uit die mond van Elohim, dan sou ons baie weinig belangstelling gehad het vir `n toekomstige nuwe waarheid!

[8] Elohim die Meester sien dit egter vooruit en laat daarom toe dat die afgestompte mensdom `n tyd lank met varkkos gevoer word, en dat hulle grond deur die onkruid `n hoë voedingswaarde verkry. Dan eers smaak die mensdom, wat in hul nag smag na die Lig, die reine en edele vrug van die suiwere woord van Elohim. En in daardie geluksalige situasie lewe ons nou."